
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 1. BRONGEBASEERDE

### 1.1 Kognitiewe vlakke en vermoëns gedek gedurende die assessering van bron gebaseerde vrae:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisering van relevante informasie vanaf bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewys uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit die bronne.<br>• Analiseer bewyse uit die bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en besprekings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en persektiewe in die bronne en kom tot 'n onafhanklike gevolgtrekking. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aandui.
- By die assessering van oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Paragraafvraag**
Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

____________ • ______________________________ • ___________________
___________________ • ______________________________ • ____________
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn.

- Maak seker dat die punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle mooontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n nasienriglyn vir van 'n spesifieke opstel.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 **Globale assessering van ’n opstel**
Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model–antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding, (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyn) elk van die hoofpunte/aspekte wat korrek gekontekstuleer is (ook aangedui deur ’n kolpunt nasienriglyn) en ’n relevante slot, (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyn) bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van die opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ’n argument/’n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ’n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek Gekontekstueer ^
- Verkeerde stelling ___________
- Irrelevante stelling | | |
- Herhaling **H**
- Analise **A** √
- Interpretasie **I** √
- Lyn van argument **LVA** ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van opstelle.

In die assessering van 'n opstel moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding moet 'n punt gegee word.

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoof aspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Gee 'n algehele punt deur die matriks te gebruik

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 30–33 |
| A | VLAK 5 | |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN OPSTEL: – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgans volgehou en verdedig. | **VLAK 6** <br> Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | **VLAK 5** <br> Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Argument bepal en gestruktureer <br> Getuienis gebruik om argument te ondersteun. <br> Slotsom op grond van getuienis. | **VLAK 3** <br> Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. <br> Poog om 'n argumentslyn vol te hou. <br> Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | **VLAK 2** <br> Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. <br> Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. | 47-50 | 43-46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoud seleksie relevant tot die argument wat gevolg is. | 43-46 | 40-42 | 38-39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | 38-39 | 36-37 | 34-35 | 30-33 | 28-29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30-33 | 28-29 | 26-27 | | |
| **VLAK 3** <br> Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26-27 | 24-25 | 20-23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20-23 | 18-19 | 14-17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14-17 | 0-13 |

**Riglyne vir allokasie van Vlak 1 punt:**

- Vraag nie geaddreseer/totale irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktueer nie = 0
- Inhoud keuse sluit basiese en algemene irrelevante inligting; geen poging om opstel te = 1–6
- konstrueer nie
- Vraag ontoereikend geaddresseer en vaag; geen poging om opstel te struktueer = 7–13

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) GEREAGEER OP DIE APARTHEIDSHERVORMINGS WAT IN 1983 DEUR PW BOTHA INGESTEL IS?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'gemengde huwelike'
- 'seks oor die kleurgrens' (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1 A – V2]*
- PW Botha se doelwit was nie om apartheid af te skaf nie, maar om dit op 'n ander manier te versterk/opknap/hernu/ herstruktureer
- PW Botha se doelwit was om te verseker dat die wit minderheid hulle politieke mag behou
- PW Botha wou die indruk skep dat die minderheidsgroepe ingesluit was by die magsdelingregering
- PW Botha se voorgestelde veranderings was kunsmatig omdat wittes nog steeds 'wit sake' hanteer het en ook 'n sê oor meerderheidsake gehad het
- PW Botha wou hê apartheid moes minder diskriminerend vir die buiteland lyk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Voorsiening is gemaak vir hulle om in die Bantoestans/munisipale/plaaslike stadsrade te stem/Die Nasionale Party het politieke regte vir hulle in die Bantoestan gegee
- Indien ingesluit, sou hulle die wit kiesers, wat in die minderheid was, uitgestem het
- Indien ingesluit, sou hulle die apartheidswette verander en ongelykheid aangespreek het
- Afrikane sou nie vir hul regte kon veg nie
- Om wit voorregte te beskerm
- Om weerstand teen apartheid te verswak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'lede te verwyder'
- 'ander aan te stel'
- 'die hele raad af te dank'
- 'nuwe een aan te stel' (enige 3 x 1) (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 1.2.1 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Kollegas of ŉ mede-lid van ŉ organisasie
- Mense wat dieselfde ideologie het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'klas'
- 'ideologie'
- 'bedoeling' (enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
**Die UDF:**
- Het alle organisasies wat bymekaar gekom het as vreedsaam beskou wat moet werk teen ŉ onderdrukkende apartheid-stelsel wat verwoes moet word
- Het ŉ beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om die instelling van die 1983 Grondwet /Koornhof-wetsontwerpe teen te staan
- Het beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om die Driekamer-parlement te verwerp
- Het ŉ beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om aan te dring op demokratiese hervormings wat apartheid sou beëindig
- Het ŉ beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om aan te dring op demokratiese hervormings wat alle Suid-Afrikaners moet insluit (Swart, Indiër, Kleurling en blankes)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 1C – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR omdat:**
- Dit ŉ toespraak was wat deur Eerwaarde Frank Chikane, ŉ stigterslid van die UDF, op 20 Augustus 1983 gelewer was
- Die toespraak op 20 Augustus 1983 gelewer was – die amptelike dag van die stigting van die UDF
- Die toespraak eerste-handse informasie is wat bevestig kan word met Bron 1C op die stigting van die UDF
- Dit die redes vir die stigting van die UDF beklemtoon wat ŉ reaksie was op die instelling van apartheidshervormings en die stigting van die Driekamerparlement
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Boikot-aksie teen die verkiesing van die (Kleurling) Huis van Verteenwoordigers en (Indiër) Huis van Afgevaardigdes'
- 'verbruikersboikotte'
- 'wegbly-aksies'
- 'een miljoenhandtekeninge-veldtog' (enige 2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Die UDF verteenwoordig Mensemag – die meerderheid
- ŉ Beroep vir volle politieke regte vir alle Suid-Afrikaners
- Volle demokratiese regte vir alle Suid-Afrikaners
- ŉ Inklusiewe politieke onderhandelde skikking vir Suid-Afrika
- Dat alle Suid-Afrikaners die reg moes hê om vir hul verteenwoordigers te kan stem
- Dat die UDF die mag van die meerderheid sou verteenwoordig teen Botha se apartheidhervormings wat wit minderheidsmag verteenwoordig het
- Die mobilisasie van Swartes teen Botha se hervormings
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 1C – V2]*

- Die situasie waar die Suid-Afrikaanse regering die algemene wette van die land opskort en beleide deurvoer wat nie normaal geïmplementeer sou word om die burgers teen die onluste wat deur die UDF begin was, te beskerm nie
- Aanwending van noodtoestandwette deur ŉ regering om beheer te neem/om algemene onrus van die UDF gedurende die middel 1980's te onderdruk
- Dit is ŉ situasie waar die polisie en die weermag ekstra magte verkry om die onluste van die UDF te hanteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'deur ŉ reeks noodtoestande in te stel'
- 'ŉ Groot aantal mense in hegtenis geneem'
- 'Etlike sleutellede van die organisasie is vermoor'
- 'Leierskorps van die UDF is ingeperk' (enige 1 x 1) (1)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Om onderdrukkende maatreëls wat die staat ingestel het om die UDF te verswak, uit te wys
- Sodat dit die simpatie en ondersteuning van Suid-Afrikaners in die algemeen kon wen
- Dat die UDF Botha se hervormings omver sou werp – gesimboliseer deur die hand
- Die UDF se toegewydheid om onderdrukkende maatreëls van die staat teen te staan
- Te wys dat die staat se onderdrukkende maatreëls hulle nie sal ontmoedig om geregtigheid te onderdruk nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Aanhoudings' (UDF leiers was aangehou)
- 'Verbannings' (Vergaderings in 22 gebiede verban)
- 'Onderdrukking' (Mense in die townships doodgeskiet)
- 'Teistering' (enige 2 x 1) (2)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C – V3]*
- Beide bronne verwys na die onderdrukkende maatreëls wat die staat teen die UDF geneem het
- Beide bronne verwys na die feit dat die UDF leierskap aangehou/verban of gearresteer was
- Beide bronne verwys na hoe die UDF lede onderdrukking/doodmaak/ moord/ marteling verduur het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- PW Botha het beplan om ŉ driekamerparlement te stig (Bron 1A)
- Die UDF is op 20 Augustus 1983 van stapel gestuur om die instelling van die driekamerparlement teen te staan (Bron 1B)
- Toe die UDF in 1983 gestig is, moes dit die opposisie teen die Nasionale Party-regering se hervormings koördineer (Bron 1B)
- Die bekendstelling van die UDF was ŉ deurslaggewende gebeurtenis in die geskiedenis van die stryd om vryheid en demokrasie in Suid-Afrika (Bron 1B)
- In 1983 is die UDF gestig as ŉ reaksie op Koornhof-wetsontwerpe en was daarop gemik om die Suid-Afrikaanse politiek te transformeer (Bron 1B)
- Die doel van die UDF was om veldtog vir ŉ vrye en regverdige Suid-Afrika te voer – sonder onderdrukking en uitbuiting (Bron 1B)
- Die UDF het die hervormingsvoorstelle (Koornhof-wetsontwerpe) deur die Botha-regime verwerp (Bron 1B)
- Die UDF het verskillende organisasies bymekaar gebring om ŉ verenigde front te vorm om ŉ regering volgens die wil van die mense op te rig (Bron 1B)
- Die UDF het suksesvol ŉ boikot teen die verkiesing van die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes georganiseer (Bron 1C)
- Die UDF was betrokke by verbruikersboikotte en wegbly-/ 'een miljoen handtekeninge'-veldtogte (Bron 1C)
- Die grootste impak van die UDF was op grondvlak, wat ŉ ruimte was waar massas gemobiliseer kon word (Bron 1C)
- Die UDF se tema 'Voorwaarts na Volksmag' was ŉ poging om die regering se besluitnemingsstrukture te vervang met grondvlak-besluitnemingsorganisasies (eie kennis)
- Die UDF het homself daartoe verbind om te weerstaan om deur die staatsonderdrukking stilgemaak te word (Bron 1D)
- Die UDF het plakkate gebruik om mense bewus te maak van staatsonderdrukking (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die UDF gereageer het op PW Botha se apartheidshervormings wat in 1983 ingestel is.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteer of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die UDF gereageer het op PW Botha se apartheidshervormings wat in 1983 ingestel is.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die UDF gereageer het op PW Botha se apartheidshervormings wat in 1983 ingestel is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AMNESTIE AAN EUGENE DE KOCK TOEGESTAAN?**

2.1 2.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- ʼn Persoon/groep wat ʼn misdaad of wandaad pleeg
- ʼn Persoon/groep wat menseregteskendings pleeg
- ʼn Persoon of groep wat verantwoordelik is vir die pleeg van gewelddadige dade
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'om getuienis af te lê'
- 'aan te teken'
- 'in sommige gevalle amnestie toe te staan aan die oortreders van misdade wat verband hou met menseregteskendings, herstel en rehabilitasie' (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Gedurende die tydperk van 1960 tot 1994 was apartheid wreed en rigied
- Dit was die tydperk waarin daar die meeste onopgeloste misdade soos moorde en verdwynings was
- Die anti-apartheid-vryheidstryd het na 1960 intenser geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'die misdade was polities gemotiveerd'
- 'die hele waarheid is vertel deur die persoon wat amnestie soek, vertel is'

(2 x 1) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'hakkel (spraakgebrek)' (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Om enige teenkanting teen die apartheidsregering uit te roei
- Om politieke aktiviste te elimineer
- Die ANC was ʼn bedreiging vir die heersende regering en moes gestaak word
- Om die groeiende massaweerstand en militante optrede teen die apartheidsregime in die 1980's te onderdruk
- Gebruik vrees en geweld om apartheidsbeheer te behou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- De Klerk was ook verantwoordelik vir die dood van die anti-apartheidsaktiviste
- De Klerk was deel van die regering wat die sekuriteitsoperasies gemagtig het
- Hy het nie die optredes van moordbende, soos die C10 gestop nie
- De Klerk het die moordmasjinerie van die apartheidsregime geërf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*
**Hierdie bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit verskaf inliging oor Eugene de Kock se betrokke by Apartheidsmisdade
- Dit gee die blydenis van Eugene de Kock aan die WVK
- Dit inligting verskaf oor die vereistes vir amnestie
- Dit insig gee waarom politieke partye betrokke geraak het by polities gemotiveerde misdade
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Hy onthul die waarheid oor misdade wat deur die apartheidsregering geheim gehou is
- Hy ontbloot menseregteskendings wat deur die apartheidsregering gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Veiligheidspolisie'
- 'Militêre Intelligensie'
- 'Kabinet'
- 'Inkatha' (enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- As ŉ apartheids agent onthul hy die waarheid oor misdade wat deur die apartheidsregering geheim gehou is
- Hy is vir sy misdade tot tronkstraf gevonniswat hy gedurende apartheid gepleeg het
- Dit verteen woordig die verlies van sy mag en Vryheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- ''n amnestie-aansoeker'
- ''n deskundige getuie' (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2D – V2]*
- Die WVK het gehoop om waarheidsvertelling en vergifnis aan te moedig wat tot nasiebou in Suid-Afrika sou lei
- As vergeldende geregtigheid in Suid-Afrika sou plaasvind, sou mense nie na vore kom nie, weens vrees vir straf, en die verhoudings sou stagnant of vyandig bly.
- Dit sou die verhouding tussen die slagoffers van menseregteskendings en oortreders herbou
- Herstellende geregtigheid fokus op die slagoffer se genesing
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- 'feite regstel'
- 'leuens blootlê'
- 'meerderes by name noem wat toe self vinnig om amnestie moes aansoek doen' (3 x 1) (3)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Eugene de Kock het geloofwaardige inligting oor misdade wat gepleeg is, onthul
- Hy het gekorrigeerde weergawes verskaf wat ander oortreders gegee het
- Hy het die inligting bevestig wat andere ontken het
- Hy het verborge misdade van die apartheisveiligheidsmagte blootgelê en die senior amptenare genoem wat betrokke was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en Bron 2D – V3]*
- Bron 2C toon dat Eugene de Kock die stilte verbreek het deur die misdade wat tydens apartheid gepleeg is, te ontbloot en Bron 2D dui aan hoe hy by die WVK-verhore oor hierdie misdade bely het
- Bron 2C toon senior amptenare wat deur Eugene de Kock blootgestel is en Bron 2D dui aan hoe hy die betrokkenheid van senior amptenare by politieke misdade onthul het
- Bron 2C toon leiers wat verbaas lyk oor Eugene de Kock se onthullings, terwyl Bron 2D aandui dat politici ontken het dat hy hul bevele uitgevoer het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne –V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die WVK is ŉ forum wat getuig van, opgeneem en amnestie verleen aan oortreders van misdade wat verband hou met menseregteskendings toegestaan het (Bron 2A)
- Die WVK kon amptelik oortreders van misdade vergewe indien hulle aan alle vereistes voldoen het – volle openbaarmaking en polities gemotiveerd (Bron 2A)
- Eugene de Kock het navore gekom om misdade te bely en aansoek te doen vir amnestie by die WVK (Bron 2B)
- Eugene de Kock was betrokke by baie misdade (eie kennis)
- Hy is verhoor en skuldig bevind op nege-en-tagtig aanklagte en tot twee gelyktydige lewenslange vonnisse plus 212 jaar tronkstraf gevonnis (Bron 2B)
- Eugene de Kock het misdade wat deur die apartheidsregering gepleeg is, blootgelê (Bron 2C)
- Eugene de Kock het die volle omvang van sy misdade onthul (Bron 2D)
- Het diep berou getoon – slagoffers gehelp om die oorskot van hul geliefdes te vind (Bron 2D)
- Het direk spyt aan slagoffers bely (Bron 2D)
- Die WVK kon die waarheid openbaar deur oortreders toe te laat om hul stories te vertel (Bron 2C en Bron 2D)
- Die WVK het dus tot nasiebou en versoening bygedra (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) amnestie aan Eugene de Kock toegestaan het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) amnestie aan Eugene de Kock toegestaan het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) amnestie aan Eugene de Kock toegestaan het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet 'n **kritiese standpunt** inneem oor hoe die Swart Bewussynsbeweging onder leiding van Steven Bantu Biko invloedryk was in die stryd teen die apartheidsregime in Suid-Afrika in die 1960's en 1970's, maar was minder invloedryk met die verbanning, arrestasie en moorde op SB organisasiese en lede, insluitend Biko. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet 'n **kritiese standpunt** inneem oor hoe die Swart Bewussynsbeweging onder leiding van Steven Bantu Biko invloedryk was in die stryd teen die apartheidsregime in Suid-Afrika in die 1960's en 1970's. SBB het die stryd teen die apartheidsregime beïnvloed en aangedui hoe die apartheidsregering gereageer het op die druk wat deur die Swart Bewussynsbeweging geplaas is. Hulle moet ook die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun kortliks beskryf.

**UITBREIDING**

- Politieke vakuum (Agtergrond inligting)
  - Gestig nadat die ANC en PAC politieke leiers en partye gedurende die 1960 verban of tronkstraf gekry het
- Invloedryk op swartes
  - Swartes met 'n gevoel van trots gelaat
  - Om hulself te aanvaar/om selfvertroue te hê/selfversorgend/begrip van identiteit
  - Bemagtig swartes om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne magte te verwerp
  - Die stigting van SB was deur die apartheidsregering as 'n verlenging van aparte ontwikkeling verwelkom
- Politieke invloed
  - Swart studente het begin om hulself te organiseer deur wit oorheersing te verwerp deur van NUSAS weg te breek en SASO te stig (1968)
  - Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aanvaar (Rol van Biko/SASO)
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - SB gee aanleiding tot die stigting van die Swartmense se Konvensie ('BPC') in 1972 wat studente, kerkgemeenskappe en werkersunies ingesluit het
  - Unies wat hulle vereenselwig het met die SB-filosofie het die Swart Ouers vereniging (Black Parents Association) en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit
  - Suid-Afrikaanse Studentebeweging is in 1972 gestig wat swartes aan die ideale van SB blootgestel het
  - Skorsing van Tiro wat aanleiding gee tot studente betogings

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- BCM en SASO organiseer die FRELIMO-byeenkoms (1974)
- Skorsing van universiteit studente
- Die inhegtenisname van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog

- Studente invloed
  - Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigstaal in skole ingestel (1975)
  - SASO en SASM het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
  - Sommige onderwysers en leerders is alreeds aan Biko se idees en SB-filosofie deur SASO-studentonderwysers van die universiteite blootgestel
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die katalisator vir die Soweto-opstand
  - 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
  - Polisie se reaksie op die studenteprotes (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun was een van die eerste slagoffer van die opstand)
- Invloedryk deur middel van Gemeenskapsprogramme
  - Biko se verbanning na King Williams Town het fokus na gemeenskapsprogramme afgelei
  - SB bevorder onafhanklikheid van wittes deur middel van die Swart Gemeenskapsprogramme om swartes te ondersteun sonder wit ondersteuning. (Zanempilo Gesondheid Kliniek/ Ginsburg Opvoedingstrust/ Zimele Trust Fonds/ Solempilo Gemeenskapsgesondheidsentrum/ Ithuseng Gemeenskapgesondheidprogramme en Winterskoolprojekte)

- Invloedryk deur Arbeid
  - Mobiliseer werkers om unies te stig
  - SB gee aanleiding tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkersstaking in Durban in 1973
- Dood van Biko (1977) in polisie aanhouding
- 19 Oktober 1977– verbanning van 19 organisasis wat verbintenisse met SB gehad het
- Invloedryk deur die Media
  - Rol van die media wat gesimpatiseer het met die SB-filosofie, bv. *The World en The Weekend World* koerante was gesluit
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELOE OOREENKOMS EN DIE RNE

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of dit tot ’n **groter of mindere mate** was dat Suid-Afrikaanse politici leierskap en kompromie gebruik het om die weg te baan vir ’n onderhandelde skikking en die verwesenliking van ’n demokratiese deurbraak in Suid-Afrika teen 1994. Kandidate moet relevante historiese bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

**Inleiding:** Kandidate moet ’n standpunt inneem en aandui tot watter mate Suid-Afrikaanse politici leierskap en kompromie gebruik het om die weg te baan vir ’n onderhandelde skikking en die verwesenliking van ’n demokratiese deurbraak in Suid-Afrika teen 1994. Hulle moet ’n uiteensetting verskaf van die inhoud wat hulle sou gebruik om hulle argumente te ondersteun.

**UITBREIDING**

- De Klerk kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP (leierskap en kompromie)
- Die opheffing van beperkings op COSATU en AZAPO ens.
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet: ANC-afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela en die NP-afvaardiging onder leiding van FW de Klerk) – (leierskap en kompromie)
- Apartheidswetgewing herroep soos die Wet op Afsonderlike Reservering van Geriewe
- Pretoria-minuut, 6 Augustus 1990 (ANC het ingestem om die gewapende stryd op te skort, NP noodtoestand op te skort) (leierskap en kompromie)
- KODESA 1 (19 politieke partye uitgesluit AZAPO, CP en PAC – 300 afgevaardigdes het vergader)
- Geweld breek uit in verskeie dele van die land soos die Witwatersrand en Natal
- Slegs-blankes referendum en die impak daarvan (Maart 1992) (leierskap)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) het ineengestort. Partye kon nie ooreenkom oor ’n nuwe grondwetmakende liggaam en tussentydse regering nie
- NP wou minderheidsveto hê terwyl ANC ’n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande en gewone meerderheidsregering wou hê nie
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992)
- Bhisho-slagting het die proses van onderhandelinge amper ontspoor (7 September 1992)
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (leierskap en kompromie)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika de Klerk versoek Mandela om die nasie toe te spreek (leierskap)
- Belangrikheid van die Veelparty-onderhandelingsforum vir Suid-Afrika se toekoms
- Regsgesinde (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum en die gevolge daarvan

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Sonsondergangklousule wat deur Joe Slovo ingestel is, het die dooiepunt van onderhandelinge verbreek (leierskap en kompromie)
- St James Kerk-slagting (Julie 1993)
- Heidelberg Tavern-skiet
- Shell House-slagting
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig (kompromie)
  Motorbomme – ANC-hoofkantoor en Jan Smuts-lughawe
- ANC het verkiesings gewen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet **saamstem of nie saamstem** dat die hervormings wat deur Gorbachev in die 1980's ingestel is, nie net tot die ineenstorting van kommunisme gelei het nie, maar ook die weg gebaan het vir die onderhandelinge tussen die ANC en die apartheidsregime in Suid-Afrika. Kandidate moet relevante historiese bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

**Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer hoe die hervormings wat deur Gorbachev in die 1980's ingestel is, nie net tot die ineenstorting van kommunisme gelei het nie, maar ook die weg gebaan het vir die onderhandelinge tussen die ANC en die apartheidsregime in Suid-Afrika. Hulle moet ook die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun, kortliks beskryf.

**UITBREIDING**
- Gorbachev het op 54-jarige ouderdom die sekretaris-generaal van die CPSU en leier van die regering geword. Hy was nie 'n geharde nie en het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te laat herleef deur beide nywerheidsuitset en tegnologie te verbeter, asook om hulle markte uit te berei
- Hy het 'n groot risiko geloop om politieke verandering te bewerkstelling, veral vir die Sowjetunie, bekend vir geharde kommunistiese houding
- Hy wou die Sowjetunie uit 'n swak ekonomiese stelsel haal – weens ruimte en wapenwedloop met die VSA
- In 1985 het hy Perestroika (Ekonomiese heropbou) en Glasnost (openlikheid) bekendgestel
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder
- Perestroika en glasnost het tot eise dat kommunisme beëindig word en volle demokrasie gelei
- Glasnost het tot kritiek van die beleid van Perestroika en Gorbachev self gelei
- Baie stoere onversetlike kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het
- By die huis het hy twee tipes teenstanders gehad: gehardes wat gekant was teen die hervormings en liberale wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg nie
- Die twee beleide het mekaar nie ondersteun soos daarna uitgesien nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het steun by die huis verloor – Eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en Sosialisme is bedreig geraak
- Hy het heldestatus aan die Weste gehad. Sy persoonlike mag en aansien het toegeneem
- Hy het in 1990 'n edelprys vir vrede ontvang

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Baie onderliggende verskille tussen die 15 Republieke bestaan
- Burgerlike onrus het onder verskillende groepe uitgebreek
- Ou vorm van nasionalisme het na vore gekom en tot nuwe eise vir onafhanklikheid gelei
- Hy het probeer om die disintegrasie te stop deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjet-state, insluitend Rusland onder Gorbachev se bitter mededinger, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Desember 1991 is USSR ontbind en so ook die Kommuniste Party ontbind
- Elkeen van die 15 Republieke het onafhanklik geword en lede van die Statebond van Onafhanklike State geword
- Die verbrokkeling het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer

**Positiewe resultate van Gorbachev se hervormings op Suid-Afrikaanse politiek**

- Gesprekke tussen die NP en ANC in ballingskap
- Die ineenstorting van die Sowjetunie plaas druk op beide die Nasionale Party regering en die ANC om onderhandeling te begin
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- FW de Klerk het hervormingswette voorgestel wat tot onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die ANC gelei het
- Suid-Afrika het onttrek uit Suidwes-Afrika – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf blanke minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie blanke oppergesag-regering onbepaald kan handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord vir die ontwikkeling van 'blanke ekonomiese'- belange was nie
- Die regering het begin glo dat hervormings nodig was vir die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas as 'n 'bolwerk teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy anti-kommunistiesse standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en die het 'n invloed op Suid-Afrika se Apartheidsbeleid
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rassesegregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was en sy gewilligheid gewys om met hulle te onderhandel.
- Die USSR kan nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste van vreedsame onderhandeling
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Die ANC het ook nou ’n bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as ’n alternatief vir die gewapende stryd
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie ’n sameswering wat uit Moskou bestuur was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om ’n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ontbanning van alle anti-apartheid organisasies aangekondig en dit het die weg vir veelparty onderhandeling gebaan
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou was
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou